

VOORWOORD

Met klimmende belangstelling het ek die manuskrip van hierdie werk deurgelees en met graagte voldoen ek aan die wens van die skrywer om 'n kort voorwoord daarby te skrywe.

Genl. Kemp is geen onbekende in ons land nie en het derhalwe geen besondere introduksie nodig nie. As krygsman en politikus het hy sy spore diep afgedruk op ons geskiedenis van die afgelope veertig jaar. In hierdie werk leer ons hom egter ken in 'n nuwe rol — dié van historikus en autobiograaf.

In groot trekke word hier blootgelê die verloop van ons vryheidsworsteling teen barbaarse wreedheid, teen diplomatieke intrige en oormagtige wapengeweld. Die skrywer begin met die vroegste koloniserings van Suid-Afrika, behandel die Groot Trek en sy gevolge, die eerste anneksasie van Transvaal, die Eerste Vryheidsoorlog, die Jameson-strooptog, Chamberlain en Milner se diplomatieke knoeiery om Transvaal se goud in te palm, en eindelijk die Tweede Vryheidsoorlog, waaraan hyself, eers as gewone burger en later as generaal, so 'n groot aandeel gehad het tot aan die bittere einde en waaraan ook die grootste deel van hierdie werk gewy word.

Behalwe op persoonlike waarneming en ervaring berus die skrywer se verhaal op uitgebreide bronnestudie, waarby ryklik gebruik gemaak word van dokumentêre bewysvoering. Dis 'n besondere kenmerk van die werk dat nie net veelvuldig aangehaal word uit historiese bronne nie, maar dat ook die oorspronklike teks van die aanhalings bygevoeg word. Hierdeur word die leser in staat gestel om self te oordeel of die skrywer se gevolgtrekkings juis is al dan nie.

As geheel lewer hierdie ryklik gedokumenteerde werk 'n treffende beeld van die vryheidsworsteling van die Afrikanerdom gedurende 'n eeu van onreg en vorm dit 'n hoogs waardevolle bydrae tot ons historiese literatuur. Sy verskyning op die huidige tydskop is van aktuele betekenis, omdat die bekende slagwoorde van Britse „vryheid” en „reg” wat tans weereens op die vier winde van die hemel uitgebasuin word, hier vir die soveelste maal op oortuigende en afdoende wyse geloënstraf word.

Reeds sedert geruime tyd is genl. Kemp ernstig krank, en ons kan dankbaar wees dat dit hom vergun was om hierdie groot werk te voltooi voordat hy deur die krankheid aangetas is. Op sy siekbed sal hy die voldoening kan smaak dat hy aan sy volk volledig rekenskap gegee het van die ruime aandeel wat hyself mog gehad het aan ons groot stryd

VIR VRYHEID EN VIR REG.

E. C. DIENAAR.

Stellenbosch,
Mei 1941

INHOUD

Hoofstuk	Bladsy
I. DIE WORSTELSTRYD	1
II. DIE REPUBLIEK EN DIE DUIWEL SE SLYPSTEEN	25
III. DIE BOERE EN DIE ROOIBAADJIES	41
IV. MAMMON EN DIE OUMEID SE VOORSKOOT	59
V. CHAMBERLAIN RAKEL SUSEREINITEIT OP EN WEIER ARBITRASIE	81
VI. DAAR BESTAAN GEEN SUSEREINITEIT NIE	98
VII. DIE UITLANDERS SE „FRANCHISE” WORD ’N STOK OM MEE TE SLAGAN .	120
VIII. CHAMBERLAIN EN MILNER STUUR AAN OP OORLOG	143
IX. BOER SE KIND	165
X. DIE ULTIMATUM - ONS TREK OOR DIE GRENSE - EERSTE VELDSLAE	180
XI. MODDERSPRUIT EN NICHOLSONSNEK.	204
XII. METHUEN LOOP IN ’N HINDERLAAG	221
XIII. STORMBERG EN MAGERSFONTEIN	235
XIV. COLENZO EN PLATRAN	251
XV. BULLER SE FLANKBEWEGING	269
XVI. SPIOENKOP EN VAALKRANS	281
XVII. PIETERSHOOGTE EN PAARDEBERG	298
XVIII. WANHOOP EN MOED	319
XIX. PRESIDENT KRUGER EN KONINGIN WILHELMINA	336
XX. DIE GUERILLA-OORLOG BEGIN	349
XXI. PLANNE OM KAAPLAND BINNE TE VAL	368
XXII. BRANDSTIGTING EN VERWOESTING	382
XXIII. DIE SLAG VAN VLAKFONTEIN	391
XXIV. KITCHENER SE PAPIERBOM	405
XXV. MOEDWIL EN DRIEFONTEIN	416
XXVI. JAN SMUTS EN JOHN BULL	428
XXVII. YZERSPRUIT EN TWEEBOSCH	443
XXVIII. BOSCHBULT EN ROODEWAL	454
XXIX. VEREENIGING	471